

SKRIFLESING

Matt 10:16-25

Deel van vanoggend se erediens is Kraggakamma gemeente se uitstuur van lidmate wat gaan deel wees van die loodsgroep van Waypoint Community Church. Maar dit is nie in die eerste plek ons wat stuur nie. Dit is die Here wat stuur. En dit is wonderlik om dit te weet, want as dit net die gemeente was wat stuur, kon dit maklik gebeur dat mense dink of sê: "Maar wie is julle nou eintlik? Ek gaan nie. Ek is nie lus om te gaan nie." Of as dit swaar gaan, kan gestuurde mense begin wonder: "Was dit regtig die regte ding wat gedoen is?"

Dit is die Here wat stuur.

In Joh 20:21 verskyn die opgestane Here aan sy dissipels en sê: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

In Matt 28:18-20 sê Hy:

Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

In Matt 10, Joh 20 en Matt 28 stuur Jesus 12 uit. Nou kan ons maklik agteroor sit en dink dat dit nie vir my is wat Hy stuur nie. Die Here stuur die 12, die dominee, kerkraad, getuienis diensterrein en Waypoint Community Church, maar nie vir my nie.

Hy stuur vir almal. Daar is baie teksverse in die Bybel waar Hy dit baie duidelik maak. Ek dink sommer aan Matt 5:13 en 14 waar Hy sê: "Julle is die sout vir die aarde en julle is die lig vir die wêreld."

Vir die ongelowiges nooi Hy uit: "Kom na my toe." Hy verander deur sy Woord en Gees ons lewens en Hy rus ons toe. Dan stuur Hy vir elke gelowige uit: "Gaan uit na jou huis, werk, sport, ontspanning, skool en na die nasies toe.

Hy stuur vanoggend Waypoint Community Church met 'n baie spesifieke roeping om buitekerklikes en kerksku mense te gaan bedien. Ek pleit dat julle aan julle roeping getrou sal bly. Moenie net nog 'n NG gemeente word nie. Hier is reeds genoeg NG gemeentes in Port Elizabeth. Moenie net nog 'n gemeente word waarby gelowiges uit ander gemeentes inskakel nie. Julle bediening groei hier uit die bekende omgewing. Dit is logies. Maar julle bediening kan nie hier bly nie. Dan kon julle maar deel van die gemeente gebly het.

Gaan wees anders in julle bedieningsmodel, kerkwees, kultuur en selfs soms in julle taal. Bereik, in opdrag van die Here, mense wat ons moet bereik, maar wat ons om baie redes sukkel om te bereik.

Die loodsgroep dissipels wat ons vanoggend stuur is 'n verlies vir Kraggakamma-gemeente, maar dit is 'n wins vir die koninkryk van God. Julle is die lidmate geroep tot bediening aan buite-kerklikes. Julle mag nie die enigste gesigte van Waypoint bly nie.

Mag die Here julle seën sodat die nuwe gemeente en "lifegroups" binnekort bestaan uit mense wat lanklaas of nog nooit 'n erediens bygewoon het nie, mense wat nie deel was van 'n gemeente nie en die belangrikste, mense wat nie die Here geken en gedien het nie.

Die Here stuur ons. Die grootste getuigenis van enige gemeente is nie die aksies by die getuigenis diensterrein nie, dit is elkeen van ons se lewe. Dit is hartseer om te lees wat Brendon, wat met 'n passie na mense uitreik, skryf nadat hy gepraat het met 'n groep werkers in Humewood. Hulle sê: "Nee meneer, ons hoor nie die Woord van God in die werksplek of gedurende die week nie. Ons weet van kerkgeboue en sommige mense wat eredienste bywoon, maar hulle praat nooit oor Jesus wanneer hulle buite die erediens is nie." Na Brendon se besoek bely hulle almal hulle geloof in Jesus Christus as hulle Verlosser deur die kragvolle werking van die Heilige Gees. Die kerk is nie 'n gebou nie. Die kerk is gestuurdes, dit is ek en jy.

Die rede waarom ons terugdeins van gestuur wees, is omdat dit nie **maklik gaan wees nie**. Daaroor draai die Here in die gelese gedeelte nie doekies om nie: Ons lees in Matt 10:16-18a: ¹⁶"Onthou: Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in. Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe. ¹⁷Pas op vir die mense. Hulle sal julle aan die geregshoue uitlewer, en in hulle sinagoges sal hulle julle gésel. ¹⁸Ook voor goewerneurs en konings sal julle gebring word ter wille van My."

Soms gaan ons eie familie die wêreld vir ons warm maak. Ons lees in Matt 10:21-23: ²¹"Die een broer sal die ander uitlewer om doodgemaak te word, en selfs 'n pa sy kind; kinders sal teen hulle ouers in opstand kom en hulle doodmaak. ²²Julle sal ter wille van my Naam deur almal gehaat word. Maar wie tot die einde toe volhard, sal gered word. ²³As hulle julle in een dorp vervolgt, vlug na 'n ander een toe. Dit verseker Ek julle: Julle sal sekerlik nie klaar wees met die dorpe van Israel voordat die Seun van die mens kom nie."

Nog 'n rede waarom ons terugdeins van die opdrag om gestuurde te wees, lees ons in Matt 10:24-25: ²⁴"'n Leerling is nie hoër as sy leermeester en 'n slaaf nie hoër as sy eienaar nie. ²⁵'n Leerling moet tevrede wees as dit met hom gaan soos met sy leermeester, en 'n slaaf as dit met hom gaan soos met sy eienaar. As hulle die hoof van die huis die skeldnaam Beëlsebul gegee het, sal hulle dan nie sy huisgenote met baie erger name uitskel nie?"

Ons as gestuurdes sal soos Jesus behandel word. Hy is gehaat, het gely en is uitgeskel. Dit sal met ons ook gebeur. Vervolging ter wille van Christus is deel van die normale lewe van 'n Christen.

Ek sal eers begin dien soos Jesus wanneer ek afklim van die troon van my lewe en beheer oorgee aan die Here en die Heilige Gees. Dan gaan Hy my maak om soos Hy te wees. Dan kan Hy my toerus vir Sy taak.

Maar die Here stuur ons nie net uit nie - Hy rus ons ook toe.

By die doop verseker Hy ons dat Hy ons God sal wees en ook die God van ons nageslag. Hy sal ons nooit los nie.

Ons lees in Matt 10:16 dat Hy ons toerus met Sy raad: "Wees versigtig soos slange..." Een verklaarder skryf dat slange geen ooglede het nie. Hulle is dus altyd waaksaam en paraat.

"...wees opreg soos duiwe." Moenie veg of rusie maak nie.

Hy rus ons toe met die Heilige Gees en die krag van die Heilige Gees. Ons lees in Matt 10:19-20: ¹⁹“Wanneer hulle julle uitlewer, moet julle julle nie bekommer oor hoe of wat julle moet sê nie, want op daardie oomblik sal God aan julle gee wat julle moet sê. ²⁰Dan is dit nie julle wat praat nie, maar die Gees van julle Vader wat deur julle praat.”

Hy rus ons toe en stuur ons dringend uit. Die wêreld lê voor ons oop as sendingveld. Moenie uitstel nie, gaan nou. Die wederkoms is nader as wat ons dink.

En hoor, gestuurdes, waarvan die Here vir ons aan die einde van Matt 10:22 verseker. Moenie dat al die swaar jou moedeloos maak nie. Jy het iets groter om na uit te sien. Ons wat in geloof aan Hom getrou bly, se plek is in die hemel bespreek.

Afsluiting

Kraggakamma gemeente is God se fontein van liefde.

Hy wil Sy evangelie van liefde en verlossing deur elkeen van ons laat vloei na mekaar en die wêreld. Hoor en wees gehoorsaam as Hy verseker nie net vir Waypoint Community Church lede nie, maar ook vir elkeen van ons sê: “Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek jou ook! Amen